VRYPOS

Weeklikse Nuusbrief van die NG Kerk Vrystaat

Jaar 13 - Uitgawe 23
Kontak ons:
kerkinfo@ngkvs.co.za
www.ngkerkvrystaat.co.za

7 Augustus 2015

1. NG KERK VRYSTAAT - BEURSE EN LENINGS: Die Sinodale Kerkkantoor ken jaarlikse beurse en lenings toe aan voltydse teologiese, sowel as nie-teologiese studente. **Aansoekvorms** vir beurse en lenings ten opsigte van die **2016 studiejaar**, is reeds by hierdie kantoor beskikbaar. ***Die sluitingsdatum vir die aansoeke is 31 Augustus 2015.*** Vir verdere navrae in dié verband, kontak gerus vir Tertius of Christelle by 051 406 6700, of stuur 'n e-pos aan studente@ngkvs.co.za. **NB** – ***hierdie beurse en lenings word slegs aan studente (nie-teologies) toegestaan wat aan 'n Vrystaatse instansie studeer en wie se ouers in die Vrystaat woonagtig is, asook teologiese studente wat aan die Universiteit van die Vrystaat studeer. Voorwaardes geld.***

2. GEBEURE BY NG GEMEENTE HOSPITAALPARK: Die volgende twee geleenthede word deur hierdie gemeente aangebied:

PRETSTAP: **Saterdag 22 Augustus 2015 om 08:30** by hul kerkgebou te Mayostraat, Hospitaalpark. Die afstand word oor 5 km afgelê, inskrywingsfooi beloop R15 vir volwassenes en R10 vir kinders. Daar sal heelwat gelukstrekkingspryse uitgedeel word, ook vir die persoon wat laaste klaarmaak. Vir enige navrae, kontak vir Willie Vorster @ 082 829 4310.

REëNBOOGKERMIS: **Saterdag 29 Augustus 2015 vanaf 09:00 tot laat**, ook by hul kerkgebou. Hierdie is altyd 'n heerlike kuiergeleentheid in hulle teetuin of in die kwekery waar vier vriendelike pers hekse jou met aankope vir jou lentetuin sal help. Al die lekker eet- en drinkgoed van so 'n kermis, sal te koop aangebied word. 'n Hoogtepunt van hierdie kermis, is 'n resies vir al die kleingoed onder 18 maande – die pappa's en mamma's moet solank saam met die kleintjies begin oefen hiervoor. Die **NG Gemeente Paul Roux sal die vleisverkope hanteer**, kom kyk gerus ook hier vir alle vleissnitte om aan te koop. Vir navrae oor hierdie geleentheid, kontak gerus vir Hantie by die kerkkantoor @ 051 522 3059 (k/u weeksdae vanaf 08:00 – 13:00).

3. 'N GELEENTHEID VIR GEMEENTES: *Seker Produksies* bied aan gemeentes/instansies die geleentheid om die verhoogstuk, ***DAGMAAN***, deur die bekende skrywer, Maretha Maartens in hul kerksaal of lokaal van hul keuse te beleef. Klik hier vir meer inligting oor die produksie, sowel as kontakbesonderhede.

4. MUSIKALE OPTREDE: Hierdie geleentheid deur die Vrystaatse Simfonie-orkes, onder leiding van Bernhard Gueller met Ockie Vermeulen as solis op die orrel, vind binnekort plaas – klik hier vir meer besonderhede oor die musikale geleentheid.

5. NUUS VANAF DIE ALGEMENE SINODE SE KANTOOR: Die volgende inligting word aan gemeentes bekend gestel:

GESPREK VAN DIE TUSSENKERKLIKE RAAD (TKR) MET DIE AFRICAN NATIONAL CONGRESS (ANC): Gedurende April 2015 het die ANC 'n uitnodiging aan verskillende organisasies uit die Afrikaanse gemeenskap gerig om met hulle in gesprek te tree, waaronder Afrikaanse kerke. Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA) het saam met die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK) en die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA), besluit om nie individueel te reageer nie, maar eerder gesamentlik deur die Tussenkerklike Raad (TKR), wat gestalte gee aan die genoemde drie kerke

se samewerking en bilaterale verbintenisse. Die TKR het die ANC se uitnodiging by wyse van 'n ope brief van die hand gewys, veral as gevolg van die manier waarop die Nkandla-verslag gehanteer is. Dit was ook vir die TKR belangrik om nie as verteenwoordigers van die Afrikaanse burgerlike samelewing met die regerende party te praat nie, maar juis as kerke met 'n profetiese roeping teenoor die owerheid. Lees **hier** verder.

6. BYBEL-MEDIA NUUSBRIEF 13/2015: Hierdie week is die fokus op die jongste uitgawe van Kerkbode van 7 Augustus 2015:

Lees oor die verhale van twee vroue wat elkeen op 'n eie manier hul onderskeie vorme van pyn moes hanteer… en albei verhale vertel van besondere ontmoetings met God.

Daarby is daar verhale oor 'n uitreik na Nepal waar 'n aardbewing verwoesting gesaai het, van werk onder Moslems uit Witrivier, ook van 'n susterkerk in Botswana.

Lees van Nederlanders wat hier 'n nuwe manier van kerkwees kom leer ken het, van 'n predikant en haar gesin wat onder rowers deurgeloop het, van Krugersdorpers wat om konkavure gekuier het oor haweloosheid en nog heelwat meer.

7. VAKATURES:

- **VAKATURES BY ENGO:** Daar bestaan tans vakatures vir Bestuurders by onder andere die Onze Rust Sentrum vir Bejaardes, ***asook*** die Kroonstad Sentrum vir Bejaardes – klik **hier** vir meer inligting. **Sluitingsdatum vir beide poste is Woensdag 26 Augustus 2015.**
- Vir die amptelike bekendmaking van **vakatures vir predikante** deur *Kerkbode*, gaan na **www.kerkbode.co.za** – **klik** dan op ***Meer - Vakatures.***

8. NB! HERHALINGS VAN BERIGTE: Kennisgewings en inligting wat in 'n vorige uitgawe van *Vrypos* verskyn het, word **hier** vir jou gerief herhaal.

9. VERJAARSDAE: Baie geluk aan die leraars wat gedurende die komende week, hul verjaarsdae vier – mag die nuwe lewensjaar vol vreugde, genade en liefde wees:

8 Augustus:
Dr Wollie Grobler - BLOEMFONTEIN-NOORD - 051 436 4378, 082 829 8718, **wollie992@telkomsa.net**

10 Augustus:
Ds Jan Venter - GARDENIAPARK - 051 522 0392 (k), 072 215 2917, **venterjh@telkomsa.net**
Ds Elize Stander – JACOBSDAL - 053 591 0040, 074 710 2620, **elizestander222@gmail.com**

11 Augustus:
Dr Johan Kruger – RIEBEECKSTAD-ERFDEEL - 057 388 2526, 084 256 8031, **johankruger9@afrihost.co.za**

12 Augustus:
Dr Nico Dicks – WELKOM-SUID - 057 352 3767, 083 780 8300, **nicodicks@afrihost.co.za**

Groetnis.

THEA BOSMAN
Samesteller/Redaksioneel: **kerkinfo@ngkvs.co.za**
Kommunikasie - NG Kerk Vrystaat
Tel: 051 406 6719
Faks: 086 502 0821

INDIEN U OP ***VRYPOS*** WIL **INTEKEN**, KLIK **hier** **(meld asseblief ook u gemeente/dorp)**

AS U *VRYPOS* WIL KANSELLEER, KLIK hier (dit sal 'n fout wees!)

Gee gerus vir ons terugvoer oor *Vrypos* by **kerkinfo@ngkvs.co.za** – stuur ook enige nuusgebeure, ensovoorts na hierdie adres.

VRYWARING / DISCLAIMER – Klik **hier**

DAGMAAN:

- is gebaseer op 'n ware verhaal, soos deur die egpaar aan die skrywer oorgedra;
- die storie van 'n huwelik wat om baie redes, waaronder huweliksontrou en betrokkenheid by 'n *blood diamond*-sindikaat, menslik gesproke op die rotse is. Maar Abbi plaas haar vertroue op God;
- 'n verhoogstuk met antwoorde wat slegs in die Skrif gevind word;
- eietyds, skreiend eerlik, eg en in die taal van ons tyd;
- kyk- en beleefstof vir die hele gesin - **ouertoesig vir kinders onder die ouderdom van agt word aanbeveel**;
- 'n professionele aanbieding deur gesoute en professionele akteurs onder regie van Michelle Hetzel, verhoog- en produksiebestuurder van die Sand du Plessis Teater, Bloemfontein.

KOSTE VIR DIE GEMEENTE/INSTANSIE:

- Gemeentes en instansies baat by die opvoering, *Seker Produksies* skenk 10% van die sagte kollekte wat opgeneem word, aan die gemeente/instansie.
- Indien *DAGMAAN* buite Bloemfontein opgevoer word, word die gemeente versoek om die brandstofkoste vir een voertuig te dra, bereken teen R3.00 per kilometer retoer en ook oornagverblyf en iets te ete aan vier persone (akteurs, tegnikus en regisseur) te voorsien - verblyf by gemeentelede is in orde.

HOE OM 'N OPVOERING VAN DAGMAAN TE REËL: Stuur 'n e-pos aan Ebeth Wilson van *Seker Produksies*, ebethwilson16@gmail.com, of skakel vir dr Hennie Maartens by 051 433 3243 (h), of 083 388 0047.

TERUG NA INHOUD

VRYSTAATSE SIMFONIEORKES ONDER LEIDING VAN BERNHARD GUELLER:

Solis : Ockie Vermeulen (orrel)
Datum : Donderdag 13 Augustus 2015
Plek : Odeion
Tyd : 19:30

Musiekliefhebbers kry met hierdie volgende konsert van die Vrystaatse Simfonieorkes, die geleentheid om na twee van die mees geliefde werke vir orrel en orkes te luister. Die Pretoriase orrelis Ockie Vermeulen is die solis in die bekende *Adagio in G mineur vir Orrel en Strykorkes* van Tomaso Albinoni, asook die *Orrelkonsert in G mineur* van Francis Poulenc. Bernhard Gueller is op die podium - die orkes begin die konsert met Arvo Pärt se *Fratres* en na pouse speel hulle Robert Schumann se *Simfonie No. 4 in d-mineur, op. 120*. Hierdie konsert word moontlik gemaak deur die ondersteuning van die Nasionale Loterye Kommissie en die Rupert Stigting.

Albinoni se *Adagio* is al meermale in rolprentklankbane gebruik. Die twee bekendste voorbeelde hiervan is *Gallipoli* en *Rollerball,* terwyl dit ook in 1997 uitgevoer is met die begrafnis van Diana, Prinses van Wallis. *Frates* was gebruik in *There Will be Blood* met Daniel Day-Lewis in die hoofrol.

Ockie Vermeulen is 'n aktiewe musikus wat benewens sy pos as orrelis van die NG gemeente Pretoria-Oos, ook gereeld orreluitvoerings lewer. In 2012 word hy genooi om as solis in Monaco in die teenwoordigheid van Prins Albert en Prinses Charlene op te tree. In 2007 reik hy 'n CD, *Highland Cathedral*, uit. Die CD word uitstekend ontvang en was vir langer as 'n jaar op die SA Klassieke Top20-lys. Hy is ook een van die orreliste op die gewilde *Heavenly Organ* CD uitreikings. In 2011 reik hy sy nuwe CD, *Arena* uit en werk daarop saam met bekende musici soos Christa Steyn, Wessel van Wyk, Charl du Plessis en Helen Vosloo. Hierdie CD word in 2011 vir 'n SAMA toekenning genomineer. In dieselfde jaar word hy uitgenooi om saam met die Charl du Plessis-trio op te tree by 'n musiekkunstefees in Switserland wat met staande toejuigings ontvang is.

Bernhard Gueller is die afgelope 13 jaar musiekdirekteur van die Symphony Nova Scotia in Halifax, Kanada. Hy besoek Suid-Afrika die afgelope 20 jaar op 'n gereelde basis waar hy orkeste in die Kaap, Durban, Pretoria en Johannesburg dirigeer. Hierdie is sy derde besoek aan Bloemfontein en die Vrystaatse Simfonieorkes. Gueller is bekend vir sy dramatiese vertolkings en aandag aan detail wat hom 'n gewilde dirigent onder musici, asook gehore in Suid-Afrika maak.

Kaartjies vir die konsert in die Odeion is by *Computicket* (Checkers, Shoprite winkels) beskikbaar, of bespreek aanlyn by www.computicket.com.

Toegang: R130 (volwassenes) **/ R100** (pensioenarisse) **/ R50** (studente/skoliere en vir groepe van 10 of meer)

Navrae: Ella Kotze (FSSO) @ 051 401 2342, of **www.fsso.org.za**

TERUG NA INHOUD

GESPREK VAN DIE TKR MET DIE ANC:

Hierop het die ANC die TKR uitgenooi tot **'n gesprek wat op Dinsdag 4 Augustus 2015 in die ANC-hoofkantoor, Luthulihuis in Johannesburg, plaasgevind het**. Die TKR-afvaardiging is saamgestel uit ds Cassie Aucamp en prof Nico Vorster (GKSA), drr Braam Hanekom en Johann Ernst (NGK) en drr Wim Dreyer en Wouter van Wyk (NHKA). Die ANC is verteenwoordig deur mnr Gwede Mantashe, me Jesse Duarte, mnre Daryl Swanepoel, Alwyn Marx, Willie van der Schyff, Zizi Kodwa en vader Maphatsoe. Dit was 'n historiese eerste ontmoeting wat die grondslag gelê het vir verdere gesprekke tussen die regerende party en die kerke. Dit was 'n oop en eerlike gesprek en die volgende sake is bespreek:

- Gebrekkige sosiale kohesie in SA.
- Morele verval in SA. Dit sluit gebrek aan dissipline, respek en werksetiek, asook verbrokkeling van families en 'n losbandige seksuele moraal in.
- Korrupsie en gebrek aan integriteit op regeringsvlak.

Daar is verder gepraat oor die geskiedenis en verskillende perspektiewe wat op die geskiedenis bestaan, asook transformasie en SEB. Die kerke het hul begrip vir die noodsaak van transformasie uitgespreek, maar dit ook duidelik gestel dat daar tans wit kapasiteit is wat verlore gaan. Wit mense voel toenemend gemarginaliseer en ons meen dat dit `n verlies vir die land in sy geheel is.

Dit is egter ook duidelik gestel dat die kerke nie die belange van enige politieke party of slegs die belange van die "wit" gemeenskap op die hart wil dra nie, maar wel die belange van die breë Suid-Afrikaanse gemeenskap. Daar is ook oor die pad vorentoe gepraat. 'n Klein taakgroep is aangewys om verdere gesprekke te struktureer. Dit is duidelik dat daar nie kitsoplossings bestaan nie en dat een gesprek nie alles sal verander nie.

Tog kan daar nie net kritiek uitgespreek word nie en moet daar ook self `n positiewe bydrae gelewer word. Die kerke het dit duidelik gestel dat ons veral ten opsigte van morele- en vaardigheidsontwikkeling sal wil saamwerk.

Drr Braam Hanekom (NGK), Wouter van Wyk (NHKA) en ds Cassie Aucamp (GKSA)

TERUG NA INHOUD

VAKATURES BY ENGO:

BESTUURDERS - ONZE RUST SENTRUM VIR BEJAARDES EN KROONSTAD SENTRUM VIR BEJAARDES:

POSVEREISTES VIR BEIDE POSTE:

- Applikante moet oor 'n minimum kwalifikasie van Gr 12 beskik.
- 'n Naskoolse kwalifikasie in verpleging en/of gedragswetenskappe sal 'n aanbeveling wees.
- Ervaring van administrasie en finansiële bestuur sal 'n aanbeveling wees.
- Kode 8 bestuurslisensie.
- Goeie organisatoriese vermoë.
- Goeie kommunikasievermoë.
- Rekenaarvaardighede sal 'n aanbeveling wees.
- Afrikaans en Engelse kommunikasievaardighede is 'n vereiste.

Dit is 'n Christelike instelling en die meeste inwoners praat Afrikaans.

DIENSVOORDELE:

- Salarisskaal onderhandelbaar
- Diensbonus : 13e tjek
- Verlof : ruim verlofvoordele

SLUITINGSDATUM: 26 Augustus 2015

VERKORTE CV kan u faks of e-pos na 051 525 2015 / **gerda@engo.co.za**

NAVRAE: 051 407 7231 (Mev van Niekerk)

Indien u nie terugvoer ten opsigte van die aansoeke binne 30 dae na die sluitingsdatum kry nie, kan u aanvaar dat u

aansoek onsuksesvol was.

TERUG NA INHOUD

HERHALINGS:

INHOUD:

1. ALGEMEEN:

- **KERKKALENDER – VAKANSIE, KERKLIKE FEES- EN BIDDAE & SKOOLKALENDER 2016:** Vir diegene wat reeds begin beplan aan 2016, klik hier vir dié kalenders.

- **DIE EREDIENSBYWONER-OPNAME - 'N 2DE GELEENTHEID:** Prof Kobus Schoeman van die Universiteit van die Vrystaat, onder wie se leiding Navorsing in die NG Kerk gedoen word, het versoek dat alle gemeentes asseblief dringend hieraan aandag moet skenk. Goeie en betroubare inligting help gemeentes om hulle eie posisies beter te evalueer en na te dink oor die gemeente se taak en roeping. 'n Stem wat dikwels nie duidelik gehoor word nie, is die van die lidmate van 'n gemeente. Klik hier om verder oor die erediensbywoner-opname te lees, asook oor 'n tweede opname-geleentheid wat gedurende Augustus en September 2015 gaan plaasvind.

- **SEKRETARESSEDAG:** Kom bederf jou sekretaresse/skriba/assistent op **Woensdag 2 September 2015**! Dié geleentheid vind vanaf **07:30 vir 08:00** by *The Terrace* – Oliewenhuis (Bloemfontein) plaas en die spreker is die bekende Igno van Niekerk (fotograaf en motiveringspreker). Die koste is R350pp en elke kaartjie sluit 'n heerlike ontbyt, 'n geskenkbewys van R120, sowel as 'n geskenk ter waarde van R50 in! Hierdie spesiale geleentheid word deur EBB (Eenheid vir Bedieningsbegeleiding Netwerk) van die Sinodale Kantoor, aangebied. Daar is slegs 'n **beperkte aantal kaartjies beskikbaar** – besprekings kan by Joanie Theron, 051 406 6732 (k) of gemeentes@ngkvs.co.za gedoen word. **INBETALINGS:** NG KERK OVS - ABSA Rek 470 000 406 - Takkode 334-134. **NB! Verwysing: EBB+sekretaresse/skriba/asst se naam** en **stuur asseblief BEWYS VAN BETALING** na gemeentes@ngkvs.co.za met jou besonderhede en die nodige kontaknommers.

- **SKITTERVROUE - EERSTE NASIONALE VROUEKONFERENSIE IN DIE VRYSTAAT:** **Vanaf 25 – 26 September 2015** vind hierdie heerlike geleentheid, spesiaal vir al ons vrouelidmate regoor die land en ook Namibië, by die Bloemfontein Baptiste Kerk plaas. Die tema is, ***Koningin Ester... jou tyd is nou*** (Ester 4:14) en bekende sprekers soos prof Stéphan Joubert, Lindie Strydom, asook Liesel Krause-Wiid tree by dié geleentheid op. Die koste beloop R250.00pp en meer inligting is ook beskikbaar op die *Facebook*-blad: **Skitter Vroue** (https://www.facebook.com/skittervroue?fref=ts) – skakel ook vir Anso Steyn @ 082 773 2612. Verblyf is by die Oranje Meisieskool se koshuise @ R170pp, ontbyt ingesluit beskikbaar, kontak vir Beneli Pretorius @ 082 648 0653 – klik hier vir die voorlopige program.

- **PROPONENT BESKIKBAAR VIR AFLOS:** Proponent Chris van der Linde is beskikbaar vir aflospreke – kontak hom @ 072 668 9982.

2. GEMEENTES BIED AAN:

- **NG HUGENOOT:** Dié gemeente bied op **Donderdag 13 Augustus 2015 om 18:30** in hul kerkgebou te Bayswater, 'n werkswinkel aan vir getroudes, verloofdes of enige persoon wat in 'n verhouding staan. Die werkswinkel se tema is, ***50 Shades of Relationships*** en dit sal handel oor emosionele verhoudings, seks, pornografie, asook tyd vir jou maat. Daar word ook tydens hierdie geleentheid 'n kabaretopvoering aangebied – bespreek by 051 436 2659 (k), beperkte plek beskikbaar.

- **WILDSFEES - NG BEDELIA:** Sien program en klik ook hier vir 'n inligtingsbiljet oor die geleentheid:

  VRYDAG 14 AUGUSTUS VANAF 12:00 om 18:00 vind 'n Middagmark plaas – heerlike eetgoed sal te koop wees.
  VRYDAGAAND 14 AUGUSTUS OM 19:00 'n Kuieraand met Sop & Sjerrie @R50 en jy staan ook 'n kans om 'n springbok te wen.
  SATERDAGAAND 15 AUGUSTUS OM 18:00 begin die Wildsfeeskuier in die losies @ R150 per persoon. Kom deel in hierdie fees en kuier heerlik saam om die vure!

Vir enige navrae, kontak gerus die kerkkantoor by 057 352 2340.

- **NG VIRGINIA VIER 10 JAAR VAN GENADE:** Gedurende 2005 het die Moedergemeente en NG Virginia-Oos een gemeente geword en word hierdie geleentheid met verskeie geleenthede gevier):

  SATERDAG 5 SEPTEMBER: 'n Ma & dogter/vroue-lentetee met Izak Davel.
  SONDAG 6 SEPTEMBER: 'n Genade-lofprysingsdiens met Deon & Alex van Bloemfontein.
  VRYDAG 23 OKTOBER: 'n Skemerkelkie met Frank Opperman as ds Tienie Benade.
  Die Feesjaar word op **SONDAG 29 NOVEMBER** afgesluit met 'n dankseggingsnagmaal en gemeentefunksie.
  FEESUITGAWE RESEPTEBOEK: Die 1ste-druk A5 Resepteboeke is reeds uitverkoop – 'n A4 ringgebinde hersiene feesuitgawe met 510 oorspronklike resepte en 10 spyskaarte met 90 nuwe resepte, is nou beskikbaar @ R150 (pos en verpakking uitgesluit – gratis aflewering in Virginia-omgewing).

  Oudlidmate en- leraars van dié gemeente, asook van die oud-gemeente Virginia-Oos, word na hierdie geleenthede uitgenooi. Vir meer navrae hieroor, kontak die skriba, Rika Haasbroek @ 057 212 5524 (k), of vir ds Kobus Vermeulen @ 082 372 6246 / 057 212 9378.

- **NG DEALESVILLE MET SONJA HERHOLDT:** 'n Damestee word op **Saterdag 5 September 2015 om 10:00** in die kerksaal van die gemeente aangebied, teen R100pp – vir navrae/besprekings, kontak vir Annamarie @ 051 811 0019.

3. KURSUSSE/KONFERENSIE/WERKSWINKELS:

- **KURSUS - BOU BETER VERHOUDINGE IN DIE HUWELIK:** Alle getroude pare en voornemende huwelikspaartjies word hiermee uitgenooi om te kom deel wees van 'n prettige, interaktiewe werksessie spesifiek ontwerp vir paartjies, waar hulle sal ontdek hoe hul verskillende persoonlikheidstipes hul verhouding beïnvloed en hoe hulle dit optimaal kan aanwend. Die kursus behels 'n aanlyn-persoonlikheidstoets gevolg deur 'n 3-uur-werksessie op **Dinsdag 11 Augustus 2015 om 19:00 by die NG Gemeente Fichardtpark** (Altonasingel 16) en beloop R350 per persoon. Vir meer inligting, kontak vir Hanneke by 084 779 8666, of stuur 'n e-pos aan **hannekebarlow@gmail.com**

- **PAIDION KINDERBEDIENING SE EERSTE VRYSTAAT-KONFERENSIE:** Weens 'n gewaardeerde borgskap uit die NG Kerk Hospitaalpark, bied Paidion Kinderbediening sy eerste kinderbedieningkonferensie in die Vrystaat aan **op 15 Augustus 2015, GRATIS by die NG Kerk Hospitaalpark**, Bloemfontein. Die Inligtings- en Inskrywingsbrosjure is op Paidion Kinderbediening se webblad by **www.paidionweb.co.za** onder die rubriek *Konferensies* verkrygbaar. **Hierdie konferensie kan ouers, onderwysers, kategeseskole en gemeentes verander! Leraars verdien voorts 5 x VBO-punte**. Die temas is:

  Opspraakwekkende navorsing oor en implikasies vir die geloofsvorming van die kind (onder andere oor die rol van die media, skool en ouers in hulle kinders se geloofsvorming);
  Opspraakwekkende navorsing oor en implikasies vir gemeentegroei deur kinderbediening;
  Vertoon, verduideliking en demonstrasie van kinderkerk-/ kategesemateriaal; en
  inligting oor die eenjarige Paidion Kinderbediening Sertifikaatkursus.

- **KURSUS: *EEN BYBEL – BAIE MENINGS. HOEKOM VERSKIL ONS SO BAIE VAN MEKAAR?***

  Datum: Donderdag 3 September 2015
  Plek: NG Kerk Sasolburg - Vier Ankers (Felixstowestraat 1, Sasolburg)
  Koste: R200pp

  PROGRAM:

09:30	Opening - Manie Kleynhans
09:45	Een Bybel – baie menings (Sessie 1) - Francois Tolmie
10:45	Verversings
11:00	Een Bybel – baie menings (Sessie 2) - Francois Tolmie
12:00	Geld-slim - Eben Smith
13:00	Afsluiting

  Registreer asseblief deur teen Vrydag 28 Augustus 2015 u inbetaling te doen by:
  Rek naam: NG Kerk Sasolburg -Vier Ankers
  Bank: ABSA Sasolburg

Rek nr: 405 114 9247
NB - Verwysing: Leraars+Voorletters+Van (**stuur bewys van betaling per** faks na 016 971 3060 / 976 7501, of per e-pos aan **izelsu@mweb.co.za** / **vierankers@absamail.co.za**)
Navrae: Dr Manie Kleynhans, sel 082 895 8286, e-pos **izelsu@mweb.co.za**

- **KONFERENSIE VIR DIE BEVORDERING VAN MISSIONALE DIAKONAAT IN AFRIKA – DIACAFRIC:** Die Hugenote Kollege, in samewerking met die NG Wes-en-Suid-Kaapland en Kerklike Maatskaplike Diensteraad nooi belangstellendes na 'n konferensie vir die bevordering van missionale diakonaat in Afrika (DiacAfric). Dit **vind op 7 en 8 September 2015** by die Hugenote Kollege in Wellington plaas. Die konferensie sal reflekteer oor 'n eeu van diakonaat in die NG Kerk en vooruitkyk na die toekoms daarvan. Klik **hier** vir meer inligting en ook **hier** vir die inskrywingsvorm.

- **KURSUS BY NG VRYBURG-NOORD - *THE WORLD NEEDS A FATHER*: Gesinsverval:** dié grootste enkele probleem in die wêreld! Daaroor is humanitêre en welsynsinstansies wêreldwyd dit eens en in die kern van hierdie probleem lê die pa's. In Suid Afrika word soveel as 48,5% van kinders groot sonder 'n pa in die huis. **Daarom: *The World Needs A Father*.** Op treffende en praktiese wyse kom rus Cassie Carstens vaders toe om goeie leiding te gee aan hulle gesinne. **Die vier belangrike verantwoordelikhede van 'n pa is:**
  Vestiging van identiteit
  Emosionele sekuriteit van liefde en beskerming
  Affirmasie
  Morele outoriteit (waardes)

  Vanaf 17 - 19 September 2015, bied Cassie Carstens die *Master Trainer-kursus* aan te Vryburg-Noord Gemeente in Vryburg, Noord-Kaap. Daar word *Master Trainers* opgelei om *trainers* op te lei om vaders toe te rus. Enige dominee en mense met 'n passie vir die saak is baie welkom om dit by te woon.

  Koste: R500 per persoon
  Verblyf vir eie koste - gastehuise met billike tariewe beskikbaar
  VBO-punte vir NG leraars
  Kontak asseblief vir ds Pieter Theron @ 053 927 4112

4. VAKATURES:

- **VAKATURE MEDELERAAR - NG KERK ALIWAL-NOORD:** Hierdie gemeente beskik oor 'n vakante pos vir 'n voltydse medeleraar. Klik **hier** vir meer inligting, **sluitingsdatum vir aansoeke is Vrydag 14 Augustus 2015**.
- **MEDELERAAR – NG GEMEENTE PELLISSIER:** Hierdie vakature is onlangs bekend gestel – klik **hier** vir meer besonderhede – **sluitingsdatum vir aansoeke is Vrydag 4 September 2015**.

TERUG NA INHOUD

DIE EREDIENSBYWONER-OPNAME - 'N 2DE GELEENTHEID: Lidmate se verstaan van en houding teenoor die gemeente vorm 'n belangrike deel van die gemeente se funksionering. Die erediensbywoneropname is 'n opname onder lidmate en kan help om gewone lidmate hoorbaar te maak. Soortgelyke opnames is in 2006 en 2010, as deel van 'n steekproef, onder gemeentes gedoen (die Kruisgewys Junie 2013 (13/2) bevat 'n verslag van die 2010 opname). Dit vorm deel van die "National Church Life Survey" (NCLS) wat in Australië en die VSA ontwikkel is.

Die opname word tydens 'n erediens onder almal ouer as 15 jaar wat die bepaalde Sondag in 'n erediens is, gedoen. 'n Leemte met die vorige twee opnames was die terugvoer wat aan gemeentes gegee is. Die 2014-opname sluit by die NCLS aan en maak gebruik van die verslae wat deur hulle ontwikkel is. (Vir meer besonderhede en voorbeelde van die verslae besoek: **http://gemeentes.co.za/vennote/kerkspieel/234-pilot-project-south-african-church-life-survey.** Onthou om te registreer om dit te sien - dit is gratis). Die terugvoer bestaan uit 'n unieke verslag, wat aan elke deelnemende gemeente gelewer word, die "Church Life Profile". Dit is 'n eenvoudige verslag met grafiese voorstellings en vergelyking wat aan elke gemeente haar eie profiel verduidelik.

Die eerste rondte van hierdie opname is gedurende Augustus 2014 suksesvol afgehandel. Die terugvoer oor die opname was so positief dat 'n tweede geleentheid aan gemeentes gegee word om aan die opname deel te neem. Die gemeentes ontvang die "Church Life Pack" wat die individuele verslag van die gemeente insluit. Hulle ontvang ook die boek

"Enriching church life. A guide to results from NCLS for local churches" (vir voorbeelde, besoek gerus die bogenoemde webwerf).

Die koste:

- Klein gemeentes (tot 600 lidmate) R2000
- Middelslag gemeentes (601 tot 1200 lidmate) R2500
- Groot gemeentes (meer 1200 lidmate) R3000

Die 2de geleentheid vir opname is gedurende Augustus en September 2015. Gemeentes behoort hulle terugvoer voor die **einde van November 2015** te ontvang. Gemeentes wat belangstel kan Ester Steyn kontak @ 012 342 0092 of stuur e-pos na **kerkspieel@ngkerk.org.za**

TERUG NA INHOUD

SKITTERVROUE - EERSTE NASIONALE VROUEKONFERENSIE IN DIE VRYSTAAT:

VOORLOPIGE PROGRAM:

Vrydag 25 September 2015:

15:00 – 16:00	-	Registrasie (Koffie/tee met verversings)
16:00	-	Opening en verwelkoming
		JUBELSANG
16:30 – 18:00	-	Stéphan Joubert (*Welkom Koningin Ester welkom*! - open met Nagmaal)
18:00 – 18:30	-	Aandete
		JUBELSANG
18:30 – 20:00	-	Prof Stéphan Joubert
		JUBELSANG

Verdaag vir 'n goeie nagrus

Saterdag 26 September 2015:

07:00 – 08:00	-	Tee/koffie/sap
08:00 – 08:15	-	**JUBELSANG**
08:15 – 09:30	-	Liesel Krause Wiid
09:30 – 10:15	-	**TEE/KOFFIE**
10:15 – 11:30	-	Prof Stéphan Joubert
11:30 – 12:00	-	**JUBELSANG**
12:00 – 13:00	-	Lindie Strydom
13:00 – 14:00	-	**MIDDAGETE**
14:00 – 15:30	-	Lindie Strydom
16:00 – 16:30	-	**TEE / JUBELSANG**

Sluit af met Liesel Krause Wiid en Lindie Strydom - dames vertrek teen 17:30

TERUG NA INHOUD

VAKATURE MEDELERAAR - NG GEMEENTE PELLISSIER, BLOEMFONTEIN:

Pellissier is ’n vernuwende**,** dinamiese**,** makrogemeente in die suid-weste van Bloemfontein wat ongeveer 5 400 lidmate bedien. Alle belangstellende leraars, wat hulle tuis sal voel in ’n gemeente wat daarin poog om relevant kerk te wees in ’n snel veranderende omgewing, word hiermee uitgenooi om aansoek te doen vir dié pos.

LERAARSPROFIEL: Die geskikte kanditaat is ’n dinamiese gelegitimeerde met bedieningservaring (verkieslik nie ouer as 45 nie), iemand wat hou van kreatiewe eredienste en wat oor goeie kommunikasievaardighede beskik, maklik in spanverband kan saamwerk, goeie pastorale vaardighede het en oor sterk leierseienskappe beskik.

FOKUSAREAS VAN DIE POS:

- Alle fasette van gemeentewerk
- Spesifiek verantwoordelik wees vir die gemeente se omgeegroepbediening

VERGOEDING: Onderhandelbaar volgens die riglyne van die Vrystaat Sinode.

AANSOEKE: E-pos jou CV na **ngk@ngkerkpellissier.co.za** (indien jy jou MBTI-profiel of enige ander gedragstyl-analise laat doen het, heg asseblief die profiel aan).
Indien jy deel vorm van die kortlys, sal jy gekontak word vir ‘n gestruktureerde keuringsproses, wat ‘n onderhoud op ‘n datum, tyd en plek soos deur die keuringspaneel bepaal, insluit.

SLUITINGSDATUM: Vrydag 4 September 2015.

NAVRAE KAN GERIG WORD AAN: Charles James (Spanleier), 082 322 5484, of **charlesjames@vodamail.co.za**

TERUG NA INHOUD